Hoe om ’n enkel-toubrug te span

Graad 10 tot 12

Span ’n toubrug vir die avontuur.

Onderwerp: Touwerk, Avontuur

1. Verken die terrein waar jy die toubrug wil span.
2. Soek twee stewige bome wat ’n ent uitmekaar staan. Neem die lengte van die beskikbare tou in aanmerking.
3. Begin met ’n timmersteek by een boom.

4. Maak ’n agtslag naby die ander boom.

5. Neem die tou agter om die boom en trek deur die lus van die agtslag.

6. Trek styf.
7. Maak nog ’n agtslag om ’n katrol-effek te kry.

8. Neem die tou weer agter om die boom en trek deur die lus van die agtslag.

9. Trek nou styf. Jy benodig hulp om die tou baie styf te trek.
10. Eindig die toue af met ‘n kniehalterslag.

11. Toets of die toubrug styf genoeg is.

Wenke

1. Jy benodig ’n stewige tou, byvoorbeeld ’n sisaltou van 20 mm dik of dikker.
2. Vir ’n dubbeltoubrug, span nog ’n tou 1½ of 2 meter laer as die ander tou.
3. Indien die toubrug oor ’n rivier is, maak seker dat die kinders nie waardevolle artikels by hulle het nie soos ’n selfoon of ’n bril.

Waarskuwings

1. Die toubrug moet styf gespan wees anders is dit moeilik om daaroor te gaan.